Biblioteek

115/86

227/85
/mb

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

## (APPèLAFDELING)

In die saak tussen:

AGMAT WILLIAMS .................... EERSTE APPELLANT

MELVIN RHODA ...................... TWEEDE APPELLANT

JOHANNES DE WEE ................... DERDE APPELLANT

DENNIS GROSCH ..................... VIERDE APPELLANT

en

DIE STAAT ......................... RESPONDENT

Coram: VILJOEN, JACOBS, ARR *et* NESTADT, WAR

Verhoordatum: 21 AUGUSTUS 1986

Leweringsdatum: 26 SEPTEMBER 1986

---

## U I T S P R A A K

---

VILJOEN, AR

Die/.....

Die vier appellante het as beskuldigdes 1, 2, 4 en 6 saam met twee ander, beskuldigdes 3 en 5, voor 'n Regter en assessore tereggestaan in die Hof *a quo* op 'n aanklag van moord. Hulle is almal daaraan skuldig bevind. In die geval van die vier appellante is geen versagtende omstandighede bevind nie en hulle is ter dood veroordeel. Beskuldigdes 3 en 5 is gevonnis tot gevangenisstraf van 15 jaar elk nadat daar in hulle gevalle wel versagtende omstandighede bevind is.

Met verlof van hierdie Hof, verleen nadat aansoeke gerig aan die Hof *a quo* nie geslaag het nie, kom die eerste appellant in hoër beroep teen die bevinding van die Verhoorhof

dat geen versagtende omstandighede bestaan het nie en teen die gevolglike doodvonnis, en kom die ander drie appellante in hoër beroep teen hulle skuldigbevinding aan moord sowel as teen die bevinding dat daar geen versagtende omstandighede in hulle gevalle bestaan het nie en die gevolglike doodvonnisse.

Daar sal hierna in hierdie uitspraak na die vier appellante verwys word as beskuldigdes 1, 2, 4 en 6.

In die klagstaat is beweer dat die ses beskuldigdes op Dinsdag 24 Januarie 1984 in sel nommer 624 in die Pollsmoor-gevangenis vir Paul Davids vermoor het deur hom te verwurg en 'n gapende

wond/.....

wond in die bors toe te dien.

Die ses beskuldigdes sowel as die oorledene was gevangenes wat in die vermelde sel toegesluit was op die aand van 24 Januarie 1984. Toe die sel oopgesluit is die volgende oggend 25 Januarie 1984 het die gevangenisbeamptes die lyk van die oorledene in die stort- en toiletarea van die sel aangetref. 'n Na-doodse ondersoek is op hom uitgevoer deur prof Smit, 'n patoloog, wat nie met sekerheid die oorsaak van die dood kon vasstel nie. Dit kon, was sy mening, òf veroorsaak gewees het deur verwurging òf deur 'n gapende wond aan die kant van die borskas. Die nekbesering het bestaan uit 'n strik-tipe kneus-

merk/.....

merk om die nek en bykomstige skaaf- en kneusmerke aan die voorkant van die nek. Die bandmerk om die nek was volgens die patoloog bestaanbaar met verwurging deur die gebruik van ŉ lyfband en met gevolglike dood weens versperring van die asemhaling of weens afsnyding van die bloedstroom na of van die brein of weens neurologiese hartversaking. Daar was minimale kneusing van die nekweefsel onder die strikmerk en volgens die getuie was dit heeltemal bestaanbaar met die verwagte getuienis dat ŉ handdoek tussen die oorledene en die lyfband geplaas is. Die minimale kneusing kan egter ook verklaar word, meen hy, deur die moontlikheid dat die werklike

oorsaak die wond aan die bors was wat die long ook betrek het en dat die oorledene reeds dood was toe die lyfband om sy nek geplaas en styf getrek was. 'n Kneusing van ongeveer een sentimeter in deursnit in die nekspiere aan die kant oor die tiroïde-kraakbeen kon volgens die getuie veroorsaak gewees het deur die kruising van die lyfband wat styfgetrek is. Die ander kneusmerke aan die nek, so meen hy, is waarskynlik veroorsaak deurdat die oorledene aan die nek met 'n hand of hande gedruk en vasgehou is. Weens die min bloeding in die borsholte was hy van oordeel dat die oorledene alreeds dood of sterwend was toe die wond aan die bors toegedien is. Die

verwurging/.....

verwurging sou dan moes plaasgevind het voor die oorledene die wond toegedien is. Daar was bowendien stuwing van die aartjies van die brein en van die konjunktivae van die oë en van albei die longe met opsigtelike puntbloedings op die oppervlakte van die longe wat aandui dat oorledene kon geleef het toe hy gewurg is. Hy kon nie 'n besliste keuse maak tussen die borswond of die nekwond as die oorsaak van die dood nie. Sy getuienis is, na my oordeel, egter meer bestaanbaar met 'n waarskynlikheid dat die verwurging die toediening van die wond voorafgegaan het, as andersom.

Afgesien van die patoloog en gevangenisbeamptes se getuienis, het die Staat die getuienis

van/.....

van ŉ gevangene ten tyde van die gebeure aangebied. Hy was ene Roy Petersen. Dit blyk uit sy getuienis dat die beskuldigdes almal lede was van die 28-bende. Hy het ŉ beskrywing gegee van die hiërargie van die bende. Daar was die sogenaamde bloedlyn, die kwasi-militêre afdeling van die bende, en die privaatlyn, waaraan die minder belangrike lede van die bende behoort het. Die lede van die bloedlyn het aan die regterkant van die sel geslaap terwyl die lede van die privaatlyn aan die linkerkant geslaap het. Volgens Petersen het beskuldigde 1, 6, 4, 5 en 3 aan die regterkant geslaap terwyl die ander gevangenes aan die linkerkant van die sel geslaap het.

Petersen het verder soos volg getuig:

Op Dinsdagmiddag, 24 Januarie 1984, het beskuldigde 2 'n brief afkomstig van 'n ander sel by die traliehek ontvang van 'n ander gevangene wat in die gang van die gevangenis aan diens was. Beskuldigdes 1 en 2 het die brief daar saam gelees en beskuldigde 2 het die brief in sy sak gesteek. Laasgenoemde het toe almal in die sel byeengeroep en aan hulle gevra of hulle "bene nog sterk is om son-af te gaan." Die son-af teken is die teken van die 28-bende. Almal het daarop bevestigend geantwoord. Beskuldigde 2 het almal uitgenooi om dit wat enigiemand op die hart het, te noem. Beskuldigde 3 het vir die oorledene beskuldig dat hy

onbehoorlik/.....

onbehoorlik gepraat en saamgewerk het met iemand wat in die gevangenis buite die sel in die gang werk. Oorledene het dit ontken. Daarna is die ander privaatlyn-manne aangesê om terug na hulle plekke te gaan. Die ses beskuldigdes het daarna aan die regterkant van die sel by die deur "kring gesit" dit wil sê 'n hofsitting gehou. Die ander gevangenes in die sel is aangesê om besig te bly met kaartspel. Hulle het nie gehoor wat in die kring gesê of plaasgevind het nie.

Na die kringsitting het beskuldigde 1 oorgegaan na die privaatlyn-manne en gesê "Daar is 'n vuil hond in die tronk" wat doodgemaak moet word. Die oorledene het op daardie stadium in

die/.....

die hoek by die stortmuur op die linkerkant van die sel gelê en boek lees en het volgens Petersen nie gehoor wat beskuldigde 1 gesê het nie. Laasgenoemde het weer by die kringsitting aangesluit maar later weer teruggekeer na die privaat-manne en nou, ten aanhore van die oorledene, aangekondig dat oorledene 'n "lyfstraf" opgelê is. Dit het die oorledene aanvaar. Lyfstraf beteken sodomie. Uit die gebeure later die nag wat ek aanstons sal skets is die afleiding onvermydelik dat die nuus wat aan oorledene oorgedra is dat slegs lyfstraf opgelê is blote oë-verblindery was om hom gerus te stel. Daar kan min twyfel bestaan dat die doodstraf reeds op daardie stadium oor hom uitgespreek is. Daarna het die 19h30 klok gelui wat beteken het dat die gevangenes hulle gereed moes maak om 20h00 te gaan slaap as die tweede klok sou lui.

In die middel van die nag het beskuldigde 1 vir die oorledene met die voet aangeroer en vir hom aangesê om by die beskuldigdes aan die regter-

kant/.....

kant van die sel te gaan lê. Oorledene het tussen beskuldigdes 4 en 6 gaan lê met sy kop bo-op 'n handdoek. Handdoeke is dikwels deur gevangenes gebruik as kopkussings. Onder die besondere handdoek, egter, was 'n lyfband, in die lengte, sodat alleen die punte van die lyfband uitgesteek het, netjies versteek. Die lyfband het beskuldigde 6 vroeër van een van die muurkassies in die sel geneem. Nadat die oorledene met sy kop op die handdoek gaan lê het, het beskuldigdes 6 en 4 elkeen 'n punt van die lyfband geneem en dit styf getrek om die oorledene se nek en hom gewurg. Beskuldigde 4 het met die een hand die oorledene se keel toegedruk. Toe die beskuldigde worstel

en skop, het beskuldigde 2, wat naby die deur aan die linkerkant van die sel geslaap het opgestaan en die oorledene se voete vasgehou. Terwyl die oorledene op dié wyse aangerand is, het beskuldigde 1 aan die regterkant van die sel op sy slaapplek gelê.

Die oorledene is daarna vanaf die plek waar die verwurging plaasgevind het deur beskuldigdes 1, 2, 4 en 5 na die stortafskorting gedra. Beskuldigdes 3 en 6 het wag gestaan.

Petersen sê hy kon nie vanwaar hy gelê het sien wat in die stortafskorting gebeur nie. Hy het egter 'n geluid soos van 'n snyery met 'n stomp voorwerp gehoor. Hy het ook beskuldigde 1 se stem gehoor wat sê, "Die ding se bloed ruik

nogal/.....

nogal lekker." Beskuldigde 1 het daarna met die lyfband uit die stort-afskorting gekom en beskuldigdes 1 en 5 het toe die oorledene se muurkassie deurgesoek. Beskuldigde 5 het die oorledene se bril opgesit en dit toe aan beskuldigde 1 gegee. Beskuldigde 6 het op hierdie stadium 'n handdoek wat 'n gevangene, Pieter Mampies, as kopkussing gebruik het, geneem en water wat uit die latrine oorgeloop het, van die selvloer opgedroog. Beskuldigde 1 het toe almal in die sel wakker gemaak en in tronktaal verklaar dat die werk klaar gedoen is. Hy het die gevangenes in die sel ook gewaarsku dat as enigeen van hulle as staatsgetuie sou optree, hy, beskuldigde 1, drie van die beskuldigdes wat in die hof aangekla word

sou/.....

sou laat uithaal, met ander woorde hy sou sorg dat hulle vrygespreek word sodat daardie drie kan sorg dat die verraaier doodgemaak word. Aldus die getuienis van Petersen.

Nadat die oorledene se liggaam die volgende oggend deur 'n gevangenisbeampte in die stortafskorting gevind is, is die polisie ontbied. Speurderkonstabel Kilian is saam met 'n fotograaf daarheen. Hy het die gevangenes van die sel beveel om by hulle slaapplekke van die vorige nag te staan en 'n foto is van hulle geneem. Voor dit het beskuldigde 3 van die regterkant van die sel na die linkerkant oorgestap. Daarna is sekere fotos geneem. Konstabel Kilian het die vraag ge-

stel/.....

stel "Wie dra kennis van die persoon wat in die stortafskorting lê?" Beskuldigdes 1, 2, 4, 5 en 6 het hulle hande opgesteek. Hulle het terselfdertyd na vore getree. Toe die vraag gestel is, het beskuldigde 3 weer oorgestap van die linkerkant na die regterkant en hom by die ander beskuldigdes daar gevoeg. Beskuldigde 2 het egter aan hom gesê: "Luister, gaan terug. Jy weet niks van die ding af nie." Volgens Kilian het beskuldigde 3 egter by die ander beskuldigdes bly staan.

Afgesien van die getuienis wat ek dusver opgesom het, het die Staat ook vrywillige verklarings wat beskuldigdes 4, 5 en 6 gemaak het, aan die Hof beskikbaar gestel, sowel as die notule

van/.....

van die pleitverrigtinge voor die landdros.

Beskuldigde 1 het tydens die pleitverrigtinge voor die landdros skuldig gepleit op die moordaanklag, maar in die Verhoorhof onskuldig daarop gepleit. Hy het voor die landdros 'n redelike volledige verklaring verstrek van wat, volgens hom, in die sel gebeur het. Sy getuienis in die Hof a quo het egter in 'n hele aantal opsigte verskil. Selfs in laasgenoemde Hof was daar weersprekings in sy getuienis en op een stadium het hy, by monde van sy advokaat, 'n aansoek gerig om sy saak te heropen om ander getuienis voor die Hof te plaas. Die Hof a quo het getuienis ter ondersteuning van sy aansoek aangehoor maar het daarna, om goeie

redes, na my oordeel, die aansoek geweier. Die grond wat hy aangevoer het was dat hy vir beskuldigdes 2 en 3 wat hy in sy getuienis verontskuldig het, wou impliseer omdat, so het hy beweer, hulle hom geintimideer het totdat hy alleen in 'n sel opgesluit is.

Sy hoofgetuienis in die Verhoorhof was wesentlik die volgende: Hy is 'n privaat-lid van die 28-bende en nie van die bloedlyn nie. Hy persoonlik het die doodvonnis op die oorledene gevel. Die brief waarna verwys is, is by die sel afgelewer deur iemand wat gevra het na beskuldigde 2 maar dat beskuldigde 2 nie teenwoordig was nie omdat hy 'n besoek by die welsynsbeampte afgelê het.

Beskuldigde 1 het toe self die brief ontvang. Ek onderbreek die opsomming van sy getuienis om op te merk dat sy bewering dat beskuldigde 2 op daardie dag by die welsynsbeampte was, 'n leuen is want inskrywings in die gevangenisregisters het getoon (en dit was gemene saak) dat beskuldigde 2 en die oorledene die vorige dag, 23 Januarie, by die welsynsbeampte was maar daardie dag, 24 Januarie, was hulle wel in die sel. Beskuldigde 1 het voortgegaan om te getuig dat hy die brief gelees het en dat die brief verklaar het dat daar 'n man in die gevangenis is wat die vorige Vrydag in die hof verskyn het - 'n man wat die bende-lede se "bene swak gemaak" het deur aan die adjudant-offisier

van die gevangenis te vertel van 'n mes wat in sel 624 deur die gevangenes weggesteek is. Die sel is deursoek en die mes is gevind op die oggend van die betrokke Dinsdag, 24 Januarie. Almal in die sel het geweet dat die oorledene die vorige Vrydag in die hof verskyn het. Hy is toe deur hom, beskuldigde 1, verdink as die persoon wat verklik het.

Nadat hy die brief gelees het, sê beskuldigde 1, het hy self al die manne van die privaatlyn byeengeroep, die brief aan hulle voorgelees en navraag gedoen maar niemand kon enige lig werp op die aangeleentheid nie. Nadat beskuldigde 2 teruggekom het in die sel, het hy die brief aan beskul-

digde 2 gegee. Daarna het beskuldigde 1 weer al die privaatlyn-manne byeengeroep en weer 'n slag verneem of iemand lig kon werp op die aantyging in die brief gemaak. Hy het aan hulle gesê as hulle die man vind wat hulle verraai het ten aansien van die mes, daardie man 'n les geleer moet word. Hy moes doodgemaak word.

Die aandklok het toe gelui en die seldeur is toegesluit. Hy, beskuldigde 1, het toe op sy plek gaan lê langs die deur aan die regterkant met die manne van bloed. Toe hoor hy iemand buite die sel vir beskuldigde 2 roep. Dit was 'n gevangene van sel 626 wat die bynaam Gums gedra het. Hierdie Gums het bevestig dat dit die oorledene was wat

Vrydag by die hof was. Hy het daarna vir die derde keer al die privaatlyn-manne byeengeroep en hy het vir die oorledene gevra na die inhoud van die brief. Oorledene het erken dat hy wel met beamptes in die gang van die gevangenis gepraat het toe hy die dag die hof bygewoon het maar hy het ontken dat hy oor die mes gepraat het of enigsins iets ten nadele van iemand in die sel met hulle bespreek het. Hy, beskuldigde 1, het toe aan almal in die sel gesê dat 'n man wat buite die sel met beamptes praat, doodgemaak moet word. Almal het saamgestem, die bende-woord "saluut" en die bende-teken met die oplig van die hand gegee. By hierdie vergadering het hy vir beskuldigde 2

gevra of hy iets te sê het oor die bewering in die brief. Beskuldigde 2 kon nie enige lig werp nie behalwe dat, volgens hom, beskuldigde 3 wel bevestig het dat die oorledene buite die sel met een van die beamptes gepraat het. Beskuldigde 3 het egter bygevoeg dat dit nie oor die mes was of enigiets anders ongeoorloof nie, maar oor goed wat in die tronk ingesmokkel is vir die oorledene.

Later die aand het hy, beskuldigde 1, wakker geword en gesien dat beskuldigde 2 met die oorledene kaart speel. Hy het beskuldigde 2 berispe omdat hy met die oorledene wat hy as 'n verklikker in verband met die mes verdink het, kaart gespeel het, maar beskuldigde 2 het nie hierop

gereageer/.....

gereageer nie. Hy het toe opgestaan en vir 'n vierde keer al die privaatlyn-manne byeengeroep. Hy het vir beskuldigde 2 weggestuur na die regterkant van die sel waar die mense van bloed was. Hy vra toe vir die privaat-mense wat met oorledene gedoen moes word. Almal het in bende-taal aangedui dat hy gedood moes word. Hy het toe 'n bende-hof byeengeroep wat bestaan het uit homself en beskuldigdes 4, 6 en Gavin Daniels. Oorledene is geroep om die hofsitting by te woon. Hy wat beskuldigde 1 is het die oorledene toe skuldig bevind en die doodstraf opgelê. Die oorledene het daarna na sy slaapplek teruggekeer. Daarna het hy vir beskuldigde 2 gesê dat hy weer 'n hof byeen

gaan/.....

gaan roep, die "vier punte van twee" met ander woorde vier lede van die tweede afdeling, die privaat-manne, wat hy toe gedoen het. Dit het bestaan uit beskuldigde 3 en ene Vingers (Pieter Mampies), Roy Petersen wat as aanklaer sou optree en beskuldigde 1 self. Die hof het toe 'n mindere vonnis van lyfstraf gevel wat deur Mampies aan die oorledene oorgedra is. Volgens hom het die oorledene nou vir die eerste keer geweet wat sy vonnis was, wat 'n weerspreking was van sy vorige getuienis dat die oorledene geweet het dat die doodvonnis oor hom uitgespreek is. Volgens hierdie latere getuienis van hom het die oorledene nie die vroeëre sitting bygewoon nie.

Die oorledene het volgens hom toe na die regterkant van die sel gegaan waar hy sy lyfstraf sou ontvang. Daar is hy gesodomeer deur beskuldigde 4 en daarna het beskuldigde 4 en 6, toe hy by beskuldigde 6 gaan lê het, hom gepak. Beskuldigde 6 het sy arm om die oorledene se nek geplaas en hom met die armgreep gewurg. Beskuldigde 4 het hom met sy kaal hande gewurg. Hy, beskuldigde 1, het toe 'n pen in die linkerkant van die oorledene se bors met 'n skoen ingeslaan. Oorledene was toe alreeds bewusteloos. Hy kry toe 'n politoerblik se deksel, wat hulle gebruik het as 'n snyding, in die hande en sny die oorledene se bors daar op die slaapplek oop. Hy en beskuldigdes 4 en 6 dra die

oorledene/.....

oorledene toe na die stortafskorting. Daar het hy weer aan die oorledene se bors gesny om seker te maak dat hy dood is. Hy het sy hand in die wond ingesteek en die oorledene se ingewande losgeruk.

Daarna is hy na beskuldigde 2 waar hy, onbewus van wat aangaan, gelê en slaap het en verwyder die komberse van sy kop. Hy deel hom toe mee dat die oorledene nou dood is. Hy gelas beskuldigde 2 om die volgende oggend te erken dat hy aandadig was as hulle gekonfronteer word. As hy dit nie doen nie, sou met hom ook gebeur wat met die oorledene gebeur het. Hy het toe al die privaat-lede, onder wie beskuldigde 3 was, in die

sel ook wakker gemaak en vir hulle aangesê om oor te gaan na die bloedafdeling om daar vir die bloedmanne beskikbaar te wees vir sodomie-doeleindes. Hy het getuig dat beskuldigdes 4 en 6 in die stortafdeling was terwyl hy die oorledene daar gesny het. Hy erken dat hy met die lyfband in die hand daar uitgekom het, maar hy ontken Petersen se weergawe dat beskuldigdes 4 en 6 vir die oorledene met die lyfband gewurg het. Hy sê dit was sy eie lyfband gewees. Die lyfband was om die oorledene se nek terwyl hy met die oorledene in die stort- en toiletafskorting doenig was. Hy het geweier om te verklaar hoe die lyfband om die oorledene se nek gekom het.

Toe die polisie die volgende oggend vra wie van hulle kennis dra van die man in die stort, het hy sy hand opgesteek want hy erken dat hy die oorledene doodgemaak het. Beskuldigdes 6 en 4 het ook, deur hulle hande op te steek, dieselfde erkenning gemaak. Beskuldigde 2 het nie sy hand opgesteek nie want hy het niks gedoen nie. Dit was hy self en nie beskuldigde 2 nie, sê hy, wat vir beskuldigde 3 gesê het hy moet nie vooruit staan en sy hande opsteek nie, want hy het niks gedoen nie. Hy ontken Roy Petersen se getuienis dat hy in die stortafskorting die opmerking gemaak het dat die oorledene se bloed lekker ruik en ontken ook sy getuienis dat hy gedreig het dat, as

daar/.....

daar iemand sou wees wat staatsgetuie word, hy sou sorg dat 'n paar manne vrygespreek word om met so 'n verraaier af te reken.

Beskuldigde 2 het getuig dat hy en die oorledene op Dinsdagoggend, 24 Januarie, na die welsynbeampte was. Ek onderbreek weer deur op te merk dat dit 'n leuen is want dit was gemene saak dat hy en die oorledene op Maandag, 23 Januarie, daar was. Dit was beskuldigdes 4 en 6 wat Dinsdag daar was. Hy het voortgegaan en getuig dat beskuldigde 1 aan hom die brief gegee het nadat hy teruggekeer het. Hy het die brief gelees en hy roep toe almal in die sel - privaat- sowel as bloedlynmanne - bymekaar en vra hulle of hulle

weet/.....

weet van die bewering in die brief dat daar 'n verraaier in die sel is. Geeneen het kennis daarvan gedra nie en hy het toe die brief opgeskeur en in die snippermandjie gegooi. Die tyd is daarna verwyl met die gebruiklike kaartspel. Later die aand hoor hy iemand, Gums, van sel 626 hom roep. Gums vra hom of hy die brief ontvang het en het toe die verraaier geidentifiseer as die persoon wat die vorige Vrydag in die hof verskyn het. Hy roep toe vir die tweede maal almal in die sel bymekaar om vir hulle te vra oor die inhoud van die brief en ook met verwysing na die mes wat in die sel gevind en tabak wat in die sel gesteel is. Niemand het die oortredings

erken/.....

erken nie. Hy het toe die saak met beskuldigde 1 bespreek en hy het toe besluit dat daar 'n kring-sitting van vier punte moes wees om te bepaal wie die skuldige is. 'n Hof is toe deur beskuldigde 1 saamgestel wat uit beskuldigdes 1, 3, Mampies en Roy Petersen bestaan het. Hy, beskuldigde 2, weet nie wat daar plaasgevind het nie want hy het nie saam gesit nie. Mampies het later vir hom gesê dat die hof slegs 'n lyfstraf opgelê het met geen sprake van die doodstraf nie.

Kort daarna het die eerste aandklok gelui en almal het na hulle slaapplekke gegaan. Hy het op sy plek gaan lê, 'n bietjie dagga gerook en toe geslaap. Gedurende die nag het beskuldigde 1 na

hom/.....

hom gekom en hom wakker gemaak en vir hom gesê "ek het daardie hond sonaf gegooi" menende hy het die oorledene doodgemaak. Hy, beskuldigde 2, het geprotesteer maar beskuldigde 1 het vir hom gesê as hy nie oppas nie sal hy, beskuldigde 2, dieselfde paadjie loop. Hy het toe maar stilgebly en sy kop toegetrek maar hy kon nie verder slaap nie. Die volgende oggend het hy opgestaan en sien toe vir die eerste keer die oorledene waar hy in die toilet lê. Hy het gedink die oorledene het daar geslaap want dit was 'n warm nag en dit was die oorledene se gewoonte om daar te slaap. Hy het homself later egter weerspreek en gesê dat hy nie die kombers van die oorledene verwyder het nie want hy het geweet die oorledene is dood. Die volgende môre het hy vir

beskuldigde 3 gevra of hy weet van die man wat in die stort lê. Beskuldigde 3 het gesê hy is ook maar net die nag wakker gemaak en daarvan gesê. Die volgende oggend het hy by besk 3 aan die regterkant gaan sit waar hy maar elke oggend sit. Toe die polisie sê dat almal by hulle slaapplekke moet staan, het hy somaar daar aan die regterkant bly staan omdat hy kwaad was omdat die oorledene gedood is. 'n Ander rede waarom hy daar bly staan het was omdat hy deurmekaar was. Die Hof _a quo_ het gemeen hy sinspeel op die dagga wat hy gerook het. Op 'n stadium het hy egter weer getuig dat hy die oorledene die volgende oggend vir die eerste keer gesien het toe die polisie hom daar wegdra.

Toe die polisie daar gevra het wie kennis

van/.....

van die lyk in die stort het, het hy erken dat beskuldigde 3 oorgestap het. Hy het vir beskuldigde 3 gevra waarheen hy gaan omdat, so het hy beweer, beskuldigde 3 niks van die saak geweet het nie. Hy self het uitgestaan maar hy het nie sy hand opgesteek nie. Hy het uitgestaan omdat, so het hy verduidelik, hy nie geweet het wie die oorledene gedood het nie. Hy het egter 'n ander rede ook verstrek waarom hy uitgestaan het en dit is omdat hy die huisbaas is (die "trustee" wat verantwoording moet doen). Hy het ontken dat hy vir beskuldigde 1 gehelp het om die oorledene na die stortafskorting te dra - 'n bewering wat aan hom gestel is deur die advokaat vir beskuldigde 4

- of dat/.....

- of dat hy die oorledene se arms vasgehou het terwyl hy gewurg is.

Hoewel beskuldigde 3 nie 'n appellant is nie, verwys ek ook na sy getuienis omdat die saak van die appellante in die lig van die getuienis as 'n geheel beoordeel moet word.

Beskuldigde 3 het getuig dat hy met die oorledene in daardie sel geplaas is drie dae voor die oorledene se dood. Hy het toe eers lid van die 28-bende geword en het min kennis van bende-aangeleenthede gehad. Hy het getuig dat beskuldigde 2 self op daardie Dinsdag die brief ontvang het wat hy vir beskuldigde 1 gewys het. Hy het dit nie aan enigiemand anders uitgelees nie. Toe die

seldeur/.....

seldeur vir die nag gesluit is, het beskuldigde 2 gaan sit by die bloed-afdeling aan die regterkant van die sel. Beskuldigde 2 het na die selvenster gegaan en met iemand in 'n ander sel gepraat. Daarna is beskuldigde 2 terug na die regterkant van die sel waar hy met beskuldigdes 1, 4, 5 en 6, Gavin Daniels en Steven April - almal bloedmanne - gepraat het. Daarna het beskuldigde 2 by die seldeur gaan staan en al die manne in die sel byeengeroep. Almal het daar in 'n kring gesak. Beskuldigde 2 het die bende-saluut gegee en vir hulle vertel dat die man wat Vrydag hof toe was, dit wil sê die oorledene, die beamptes vertel het van die mes wat daarna in die sel deur die beamptes gevind is.

Volgens/.....

Volgens beskuldigde 3 het die oorledene skuld ontken. Hy, beskuldigde 3, wat die man is wat saam met die oorledene 'n paar dae vantevore in die sel ingebring is, is toe gevra wat hy kan getuig. Hy het toe gesê dat die oorledene wel met hom gepraat het oor die mes en die gesteelde tabak, maar niks gepraat het daaroor met 'n beampte of ander persoon buite die sel nie. Daarna het beskuldigdes 1, 2 en 5 en Daniels 'n hofsitting by die seldeur gehou. Dit was die sogenaamde 4 punt (4 lede) van een (dit wil sê die eerste afdeling) hofsitting en dit bestaan uit mense met 'n hoë rang of wat hoë ampsdraers is en wat die ernstige sake van die bende beslis. Na die verdaging van hierdie hof het

beskuldigde/.....

beskuldigde 2 na hom, beskuldigde 3, gekom en hom gevra of hy al op 'n hof van vier punte van twee, dit wil sê van die tweede afdeling naamlik die laerhof, gesit het en toe is sodanige hof, bestaande uit beskuldigdes 1, 3, Mampies en Roy Petersen saamgestel. By hierdie hof is dit aan die lede van die hof oorgedra, deur beskuldigde 1 vermoedelik, dat die hoërhof wat alreeds die oorledene gevonnis het, hom slegs gevonnis het tot lyfstraf weens verraad en Mampies het toe aan die oorledene oorgedra wat sy straf is.

Daarna het hulle gaan slaap en beskuldigde 3 sê hy het langs oorledene se slaapplek gelê. Laat die nag is hy, beskuldigde 3, deur beskuldigde

1 wakker/.....

l wakker gemaak wat toe aangekondig het: "Die werk is gedala. Saluut.. Daardie hond is son-af gegooi." Hy, beskuldigde 3, het toe na die stortafskorting gegaan waar hy gesien het waar die oorledene dood lê.

Toe die polisie die volgende oggend daar kom, het hy, beskuldigde 3, aan die linkerkant van die sel gestaan. Daar is gevra wie kennis dra van die oorledene en hulle is aangesê om hulle kaartjies met hulle name daarop voor hulle te hou. Hy het toe oorgestap maar dit is omdat hy sy kaartjie by die muurkassie wou gaan haal en nie as reaksie op die versoek dat almal wat iets weet vooruit moet staan nie. Hy het ook nie sy hand opgesteek nie.

Dit/.....

Dit was beskuldigde 2, sê hy, wat vir hom gesê het hy moet teruggaan want hy weet niks van die saak nie. Hy betwis die getuienis van die polisieman dat hy bly staan het aan die regterkant van die sel. Hy sê hy het sy kaartjie gaan haal en toe teruggegaan na die linkerkant van die sel. Hy het die aantyging wat namens beskuldigdes 4, 5 en 6 onder kruisverhoor aan hom gestel is dat hy die vloer opgevee het, ontken.

Beskuldigde 4 het getuig dat hy 'n soldaat sonder rang van die 28-bende is. Hy het korrek getuig deur te beweer dat hy en beskuldigde 6 daardie oggend na die welsynsbeampte was. Die brief is aan beskuldigde 2 oorhandig nadat hulle teruggekom het. Beskuldigde 2 het dit gelees en dit in sy sak gedruk. Ongeveer 11h00, na die

sogenaamde/.....

sogenaamde middagete, het beskuldigdes 1, 2 en 3 weer saam gesit en die brief gelees. Hulle het die dag verder met die gebruiklike kaartspel verwyl tot na die derde maaltyd of aandete in die vroeë middag, toe die seldeur toegesluit is. Daarna het beskuldigde 2 al die privaatmanne byeengeroep by die traliedeur. Die soldate egter, sê beskuldigde 4, het nie aangesluit nie maar apart gesit en kaart speel. Beskuldigde 4 het getuig dat hy nie weet wat by hierdie samekoms in die sel bespreek is nie. Almal het daarna op hulle gebruiklike plekke gaan slaap, sê hy. Gedurende die nag het hy wakker geword en deur die slaap soos hy was, het hy opgestaan om na die toilet te gaan. Hy

sien toe mense kom tussen die twee rye slaap-plekke deur in die toilet se rigting. Dit was beskuldigdes 1 en 2 wat die oorledene gedra het. Hy sê hy het groot geskrik en hy let toe ook op dat beskuldigde 3 besig was om met ŉ lap die vloer op te vee by die seldeur. Hy, beskuldigde 4, het toe vooruit gestap na die toilet en terwyl hy daarbinne was het beskuldigdes 1 en 2 die oorledene daar ingedra. Hulle twee dreig hom toe met die dood as hy nie pad gee nie. Hy gaan toe na sy lêplek en vind beskuldigdes 5 en 6 daar op hulle plekke lê. Hy vra toe vir beskuldigde 5 wat gebeur het. Laasgenoemde maan hom om stil te bly en deel hom mee dat hy, beskuldigde 5, en beskuldigde 6

alles gesien het en dat hulle dit vir die beamptes sal vertel. Daarna het beskuldigdes 1, 2 en 3 vir hom, beskuldigde 4, geroep en vir hom gesê dat hy saam met hulle moet uitstaan vir die moord. Toe hy sy onwilligheid te kenne gee het hulle gedreig om hom dood te maak. Beskuldigdes 1, 2 en 3 het vir beskuldigdes 5 en 6 aangesê om ook die volgende oggend uit te staan en ook vir hulle met die dood gedreig as hulle dit nie sou doen nie. Hy, beskuldigde 4, en beskuldigdes 5 en 6 het toe die volgende oggend saam met beskuldigdes 1, 2 en 3 uitgestaan. Nadat hierdie gesprek tussen beskuldigdes 1, 2 en 3 aan die een kant en 4, 5 en 6 aan die ander kant plaasgevind het, het beskuldigde 1 almal in die

sel wakker gemaak en is van die gevangenes beveel om water van die toilet wat oorgeloop het op die selvloer, op te droog.

Na beskuldigde 5, wat ook nie 'n appellant is nie, se getuienis verwys ek ook kortliks om dieselfde rede as dié gemeld ten aansien van beskuldigde 3. Hy het getuig dat beskuldigde 2 die brief ontvang en gelees het. Daarna, sê hy, het die gevangenes hulle middagete in die sel ontvang en daarna is die deur gesluit. Beskuldigdes 1, 2 en 3 het by die deur gesit en die brief gelees. Die drie staan toe op en gee die bende-handsaluut. Hulle het niks aan die ander gevangenes van die brief gesê nie en hulle ook nie vertel

van enige besluit wat hulle klaarblyklik geneem het nie. Die middag het verloop met kaartspeel en nadat hulle aandete genuttig het om ongeveer 16h00 het beskuldigdes 1, 2 en 3 weer bymekaargekom waarna beskuldigde 2 vir Kevin Daniels gesê het dat die oorledene 'n lyfstraf opgelê is vir wat hy gedoen het. Hy, beskuldigde 5, het hom nie daaraan gesteur nie want hy weet nie wat dit beteken het nie. Die gevangenes het toe kaart gespeel totdat die 20h00 klok gelui het en almal op hulle plekke gaan lê en slaap het. Hy het aan die regterkant gaan lê tussen beskuldigdes 4 en 6. In die nag het hy wakker geword van 'n gestoei en gesteun. Hy sien toe beskuldigde 1 het sy arm om

die oorledene se nek en wurg hom. Oorledene het op beskuldigde 1 se bed gelê naby die seldeur. Volgens hom was daar geen lyfband gebruik nie. Terselfdertyd sit beskuldigde 2 op oorledene se bors en beskuldigde 3 hou sy voete vas. Beskuldigde 2 het na 'n ruk vir beskuldigde 1 gesê: "Los hom. Hy is vrek." Daarna, sê hy, het beskuldigde 2 vir oorledene met 'n blik gesny daar op beskuldigde 1 se slaapplek. Beskuldigde 4 het wakker geword, sê hy, en toe beskuldigde 1 en 2 die oorledene na die toilet dra het beskuldigde 4 hulle vooruit geloop en het eerste in die toilet gegaan, soos beskuldigde 4 getuig het. Hy sê beskuldigde 4 het toe na sy plek teruggekeer en

op hierdie stadium het beskuldigde 6 op sy bed wakker gelê. Beskuldigde 3 het die selvloer by die deur opgevee en toe het beskuldigdes 1, 2 en 3 vir beskuldigdes 4, 5 en 6 geroep, soos deur beskuldigde 4 beskryf en hulle gedreig as hulle nie sou uitstaan die volgende oggend nie. Beskuldigde 5 ontken enige aandeel deur homself in die aanval op die oorledene. Hy ontken ook dat hy wag gestaan het by die venster van die sel toe die oorledene gewurg is of na die toilet gedra is.

Beskuldigde 6 se weergawe kom wesentlik ooreen met dié van beskuldigde 5. Hulle verklarings voor die landdros kom ook in 'n groot mate ooreen. Beskuldigde 6 het egter een feit vermeld

wat/.....

wat beskuldigde 5 nie genoem het nie en dit is dat daar 'n tweede kringsitting was waarby beskuldigdes 1, 3, Mampies, Petersen en die oorledene betrokke was. Beskuldigde 2 het daarna al die privaatlede byeengeroep terwyl die soldate - onder wie beskuldigde 6 ook was - eenkant gesit het en nie aan die verrigtinge deelgeneem nie. Beskuldigdes 1 en 2 het daarna met mekaar gesels en beskuldigde 2 het aangekondig dat die oorledene slegs 'n lyfstraf opgelê is. Almal het na die klok se gelui, soos wat beskuldigde 5 ook getuig het, op hulle plekke gaan lê. In die nag, sê beskuldigde 6, word hy wakker van 'n skree-geluid en hy sien beskuldigde 1 wurg oorledene met 'n

arm/.....

arm om sy nek, beskuldigde 2 sit bo-op sy bors en beskuldigde 3 hou sy voete vas. Hy sê ook, net soos beskuldigde 5, dat alles op beskuldigde 1 se slaapplek plaasgevind het. Hy verskil van beskuldigde 5 in die klein opsig dat dit beskuldigde 1 was, en nie beskuldigde 2 nie, wat gesê het "Los hom, hy is vrek". Hy het ook getuig dat beskuldigde 2 die oorledene daar op die lê-plek met ŉ blik gesny het en dat beskuldigdes 1 en 2 vir die oorledene na die waskamer gedra het terwyl beskuldigde 3 die selvloer by die deur met ŉ lap skoongevee het. Hy het, net soos beskuldigde 5, getuig dat beskuldigde 4 na die waskamer gegaan het en teruggekeer het en hy het ook getuig van

die/.....

die dreigemente deur beskuldigdes 1, 2 en 3 teenoor 4, 5 en 6 dat hulle moet uitstaan vir die moord die volgende dag. Beskuldigde 6 het getuig dat hy wel die volgende dag na vore gestap en sy hand opgesteek het toe die polisie vra wie kennis dra van die lyk. Hy het egter ontken dat hy die oorledene gewurg het met die lyfband.

Uit die getuienis hierbo opgesom blyk dit hoe uiteenlopend die relase van die beskuldigdes was. Om hierdie rede moes die Verhoorhof staat maak op Petersen se getuienis van wat in die sel gebeur het. Die Hof het inderdaad bevind dat daar wel op sy getuienis staat gemaak kan word. Die Verhoorregter het gewys op sekere oënskynlike

onbestaanbaarhede/...

onbestaanbaarhede in sy getuienis waaronder sy uiteenlopende getuienis ten aansien van wie wag gestaan het by die venster van die sel terwyl die oorledene aangerand is en/of na die afskorting gedra is. In die uitspraak is daarop gewys dat in Petersen se verklaring aan die polisie hy gesê het dat dit beskuldigdes 1, 2, 5 en 6 was wat die oorledene na die stortafskorting gedra het terwyl hy in sy getuienis eers gesê het dit was beskuldigdes 1, 2, 4 en 5 en op 'n stadium tydens sy kruisondervraging het hy gesê dat beskuldigde 1 nie gedra het nie maar op sy bed gelê het en dat dit beskuldigdes 2, 4 en 6 was wat gedra het. Die Hof het egter bevind dat hy op

die/....

die stadium deurmekaar was. Die Hof wys daarop dat die getuie self met die verduideliking tevoorskyn gekom het (dit het nie as gevolg van kruisondervraging uitgekom nie) dat hy onseker is wie die dra-werk gedoen het. Die Hof het bevind dat die getuie nie oneerlik was of bewustelik vals getuig het nie. Ten aansien van die feit wie by die venster gestaan het,het hy in sy verklaring aan die polisie gesê dit was beskuldigdes 3 en 4 terwyl hy in sy getuienis gesê het dit was 3 en 6 en tydens kruisondervraging het hy op 'n stadium ook beskuldigde 5 genoem. Ten aansien van hierdie oënskynlike uiteenlopende getuienis het die getuie twee verduidelikings verstrek. Hy het gesê die

persone/.....

persone wat wag gestaan het, het mekaar afgelos.

Hy het ook in sy getuienis gesê dat sy beëdigde verklaring dat beskuldigde 4 ook daar gestaan het, verkeerd is en dat dit beskuldigde 3 en 6 was. Vir die Verhoorhof was dit redelik duidelik dat, op die hoogste gestel, dit ŉ geval was van die getuie se onsekerheid as gevolg van foutiewe waarneming of ŉ onsekere herinnering. Die Hof het bevind dat hy nie oneerlik was nie.

Dit was gemene saak dat die getuie twee dae voor die tyd deur sekere van die betrokkenes aangerand is as straf vir ŉ beweerde oortreding. Die straf is toegepas in opdrag van beskuldigde 2 wat dit erken het. Die Hof, so lui die uitspraak, het die getuienis van Petersen met versigtigheid

benader, egter nie omdat die Hof gemeen het dat daar ŉ wraakmotief was nie want, redeneer die Hof, waarom sou hy ook andere impliseer wat hom nie aangerand het nie. Nietemin, verklaar die Verhoorregter in die uitspraak, is die aanranding op hom ŉ faktor wat die Hof nie heeltemal uit die oog verloor nie.

Die Hof verwys na die betoog dat Petersen ŉ motief mag gehad het omdat daar van hom ŉ tronk-wyfie gemaak is maw hy moes toelaat dat daar met hom sodomie gepleeg word. Dít, sê die Hof, is egter nooit aan hom gestel nie.

Die Hof behandel dan voorts die belangrikste aanval op Petersen se getuienis en dit is dat hy ŉ

enkelgetuie/.....

enkelgetuie was en glad nie bevredigende getuienis gelewer het nie en nie gestaaf is in sy weergawe deur ander aanvaarbare getuienis nie. Veel gewag is ook gemaak, so lui die uitspraak, van die versuim van die Staat se kant om ander gevangenes wat in dieselfde sel opgesluit was, as getuies te roep. Dit is selfs betoog, sê die Hof, dat die getuie 'n belang by die saak het en dus 'n kwasi-medepligtige was.

Die laaste argument het die Hof verwerp deur te bevind dat daar geen grondslag was in die getuienis vir die aantyging dat hy 'n medepligtige was of selfs naby daaraan gekom het nie. Sy getuienis, sê die Hof, word met versigtigheid benader,

nie/.....

nie omdat die Hof meen dat hy ŉ medepligtige was nie, maar omdat hy, wat die gebeurtenisse wat in die sel afgespeel het, betref, ŉ enkelgetuie was.

Wat die versigtigheidsbenadering betref word in die uitspraak van die Hof verwys na a 208 van die Strafproseswet 51 van 1977 wat bepaal dat ŉ beskuldigde op die enkele getuienis van ŉ bevoegde getuie skuldig bevind kan word. Die geleerde Verhoorregter gaan dan voort om daarop te wys dat, ondanks daardie bepaling, die getuienis van so ŉ getuie nogtans met versigtigheid bejeën moet word. Nadat die geleerde Verhoorregter na gesag verwys het, onder andere na S v Sauls and Others 1981(3) SA 172(A), meen hy dat die vraag eintlik

daarop/.....

daarop neerkom dat die Hof die enkelgetuie se getuienis noulettend moet beoordeel teen die agtergrond van al die omstandighede en ander getuienis as die van die enkel-ooggetuie asook die getuienis van die beskuldigde en dan ŉ oordeel moet vel of die beskuldigde bo alle redelike twyfel skuldig is. Indien die Hof bevind dat, nieteenstaande die meriete van ŉ enkel-getuie se getuienis, enigeen van die beskuldigdes se verontskuldigende weergawe redelik moontlik waar mag wees, dan moet daardie beskuldigde onskuldig bevind word.

Die Hof het die betoog dat die Staat nie alle beskikbare getuies geroep het nie, oor-

weeg/.....

weeg en het dit verwerp op grond daarvan dat die Staat in 'n strafsaak die monopolie het om die getuies wat hy wil, te roep en nie verplig is om alle getuies wat iets kan bydra, te roep nie. Weliswaar, meen die Hof, kan omstandighede ontstaan waarin 'n nadelige afleiding gemaak kan word teen die Staat indien die Staat slegs 'n enkel-getuie roep terwyl ander beskikbaar is om ten aansien van dieselfde gebeure te getuig. Die Hof het egter geoordeel dat in die huidige geval sodanige nadelige afleiding nie gemaak kan word nie, omdat die Staat die ander getuies aan die verdediging beskikbaar gestel het. Die keuse berus by die Staat, word in die uitspraak

verklaar/.....

verklaar, om ŉ getuie uit te kies wat die aanklaer as betroubaar beskou en om ander, wat onder kruis-verhoor moontlik die Staat se saak kan benadeel, nie aan te bied nie. Die betoog dat, omdat Petersen ŉ langtermyn-gevangene is en aan die 28-bende behoort, hy ŉ medepligtige is omdat hy verplig is om aan die bende-bedrywighede deel te neem, is ook deur die Hof verwerp.

Nietemin, meen die Hof, is hy uit die aard van die saak omdat hy ŉ langtermyn-gevangene is wat ŉ mens op jou hoede plaas ten opsigte van

sy geloofwaardigheid, versigtig. "Die Hof kyk twee - of drie maal na wat hy sê voor dit geglo word, waar, in ander gevalle, die Hof altemit net een maal hoef te kyk," was die Hof se benadering. Dat ŉ langtermyn-gevangene se getuienis nooit aanvaar kan word nie as hy ŉ enkel-getuie is, is klaarblyklik, na die Hof se oordeel, nie die geval nie. Dit hang af van die getuienis en die omstandighede van die geval.

Nadat die Hof hierdie benadering uiteen-

gesit/.....

gesit het, het die Hof daartoe oorgegaan om sekere aspekte van Petersen se getuienis waarteen kritiek uitgespreek is, te behandel. Daar is betoog, met verwysing na die getuies, dat Petersen homself weerspreek het in sy getuienis, dat daar weersprekings was tussen sy getuienis en sy polisie-verklaring en dat hy sekere feite eers tydens kruisondervraging genoem het. Die Hof het hierdie kritiek verwerp en het die mening uitgespreek dat hierdie punte van kritiek so min om die lyf het dat dit eintlik aantoon die geringe mate waarin dit moontlik is om kritiek teen hierdie getuie te opper.

Sover dit die interne ontleding van

Petersen se getuienis aangaan, was hy na die mening van die Hof 'n aanvaarbare getuie, maar, sê die Hof, hy moet beoordeel word as getuie in die lig ook van die weergawes van die beskuldigdes en ten opsigte van al die gegewens in die saak en nie slegs op sy eie getuienis in isolasie nie. Die Hof het voortgegaan om elke beskuldigde se getuienis te ontleed en die swakhede daarvan aan die kaak te stel. Wat beskuldigde 1 betref het die Hof tot die volgende gevolgtrekking gekom:

> "In vergelyking met beskuldigde nommer 1, vir die redes alreeds genoem, is daar geen twyfel dat die meriete van Petersen as getuie in vergelyking met die onware getuienis van beskuldigde nommer 1, al te duidelik is. Nommer 1 se getuienis kom dan nie in kompetisie met die van Petersen nie, ten opsigte van enige feite-bevinding in die geval."

Wat beskuldigde 2 se getuienis betref, was die slotsom:

> "Op hierdie beskuldigde se getuienis is dit vir hierdie hof baie duidelik dat hy klaarblyklik, soos te sien is in Petersen se getuienis, maar ook af te lei is uit sy eie getuienis en die valshede daarin, op hoogte was met die ondersoek na die beweerde bende-oortreding vanaf sy ontvangs van die brief daardie dag by die traliehek, dat hy deelgeneem het aan die besprekings wat daarop gevolg het en dat hy ŉ leier was in die hele opset wat uiteindelik op die dood van die oorledene uitgeloop het."

Die Hof het daarop gewys dat daar ŉ basiese verskil was tussen Petersen se getuienis en die getuienis van beskuldigdes 5 en 6 van wat Petersen enersyds en beskuldigdes 5 en 6 andersyds die nag gesien het. Volgens Petersen het

beskuldigdes/....

beskuldigdes 4 en 6 die oorledene gewurg terwyl hy gelê het op die plek van beskuldigde 5 tussen die plekke van beskuldigdes 4 en 6. Volgens beskuldigdes 5 en 6 het hulle gelê en kyk en gesien dat die oorledene deur beskuldigde 1 gewurg word, nie tussen die slaapplekke van beskuldigdes 4 en 6 nie, maar op die bed van beskuldigde 1 langs die deur aan die regterkant van die sel. Daar, volgens hulle het beskuldigde 1 vir die oorledene met die arm gewurg sonder enige lyfband en het beskuldigde 2 op die oorledene se bors gesit. In die oorweging van wie se getuienis in hierdie verband aanvaar moet word het die Hof na die mediese getuienis verwys.

Die Hof aanvaar dat die mediese getuienis nie deurslaggewend is ten aansien van die oorsaak van die dood nie (hoewel ek die mening hierbo uitgespreek het dat die mediese getuienis, soos ek dit lees, meer bestaanbaar is daarmee dat die verwurging eers plaasgevind het en die wond in die bors daarna aangebring is). Maar, het die Hof geredeneer, die waarskynlikhede regverdig ŉ afleiding dat die verwurging eerste plaasgevind het. Dit was ŉ aanranding in ŉ gevangenissel en die doodmaak moet so vinnig en stil moontlik geskied. Die Hof het verder geredeneer dat selfs op die weergawe van beskuldigdes 5 en 6 het die aanranding begin met die verwurging

van die oorledene maar met die arm van beskuldigde 1. Dit is onwaarskynlik, meen die Hof, dat een beskuldigde eers die oorledene se bors sou wil oopsny en dat 'n ander beskuldigde of beskuldigdes die oorledene sou doodwurg, óf met die hand, óf met die arm óf 'n lyfband. Die Hof het ook sonder twyfel bevind dat die oorledene met 'n lyfband gewurg is en het die getuienis van al die beskuldigdes, uitgesonderd beskuldigde 1, dat dit nie gebeur het nie, as onwaar bestempel. Die getuienis van beskuldigde 1 dat hy die lyfband in die toilet-area gebruik het, was ook onwaar, bevind die Hof en kom dan tot die gevolgtrekking dat die getuienis van beskuldigdes 5 en

6 van die wyse waarop die oorledene gewurg is, onwaar is en dat Petersen se getuienis aanvaarbaar is omdat dit bestaanbaar is met die waarskynlikhede aangedui deur die objektiewe feite.

Die Hof het, na betragting van die getuienis as geheel, gevind dat daar nie stawing te vind is in die getuienis van die beskuldigdes nie want daar kan nie op hulle getuienis staatgemaak word nie. Ek vertolk nie die uitspraak in die sin dat die Hof gemeen het daar is geensins stawing vir Petersen se getuienis nie. Al wat die Hof bedoel het, na my oordeel, was dat daar nie bevestiging van die besonderhede van Petersen se getuienis in die getuienis van die beskuldigdes

gevind/.....

gevind kon word nie. Die Hof het wel in die breë stawing gevind van Petersen se getuienis ten aansien van die aandadigheid van die beskuldigdes aan die dood van die oorledene. Die Hof het byvoorbeeld bevind, en tereg na my mening, dat al die beskuldigdes goed besef het dat "uitstaan" beteken dat hulle aandadigheid aan die moord erken en dat hulle verontskuldigende verduidelikings, in hierdie verband, met die uitsondering van beskuldigde 3 s'n, nie aanvaar kon word nie.

Die Hof het voortgegaan om elkeen van die beskuldigdes se aandeel te bepaal in die lig van die getuienis wat aanvaar is. Volgens

Petersen/.....

Petersen het beskuldigde 1 gesê dat die "vuil hond" doodgemaak moet word. Hy het ŉ aandeel gehad in die bende-hofsitting onder die bloedmanne van die sel aan die regterkant van die sel. Van hierdie feit alleen was die Hof nie bereid om te aanvaar dat hy mededadig aan of die leiding geneem het ten opsigte van die besluit om die oorledene te dood nie, want ŉ bendelid mag teen sy sin deelneem aan ŉ hofsitting of nie instem tot die besluite wat geneem word nie, maar toe die oorledene aangeval word het hy meegedoen. Volgens sy eie getuienis het hy die oorledene gesny met ŉ blik en volgens die mediese en ander getuienis is die oorledene

se/.....

se borskas oopgesny. Petersen het getuig dat beskuldigde 1 gesê het, "die man se bloed ruik nogal lekker."

In die geval van beskuldigde 2 het die Hof bevind dat sy aandeel was soos deur Roy Petersen beskryf. Hy het van die linkerkant van die sel opgestaan en oorbeweeg en die oorledene se voete vasgehou. Hy het ook gehelp om die oorledene na die stort-area te dra. Hy was 'n mededader.

In die geval van beskuldigdes 4 en 6 het die Hof bevind dat hulle die oorledene met die lyfband gewurg het waar hy gelê het. Hulle was ook mededaders. Wat duidelik is, sê die Hof, is dat beskuldigde 5 nie op sy plek gelê het soos hy

getuig/.....

getuig het nie; sy getuienis is ŉ valse relaas wat hy opgedis het. Na die Hof se oordeel het beskuldigdes 5 en 6, as hulle verklarings voor die landdros en hulle getuienis vergelyk word, klaarblyklik ooreengekom wat hulle sou verklaar en getuig.

Namens beskuldigde 1 wat slegs verlof toegestaan is om teen die bevinding dat daar geen versagtende omstandighede aanwesig was nie, te appelleer, is dit betoog dat die Hof verkeerdelik bevind het dat hy, saam met beskuldigde 2, ŉ leidende aandeel in die handelinge wat gelei het tot die dood van die oorledene, gehad het. Hy moes, so is aangevoer, slegs as ŉ medeplig-

tige skuldig bevind gewees het, omdat hy 'n mindere rol in die gebeure gespeel het. Hy was dus minder verwytwaardig as byvoorbeeld beskuldigde 2 en versagtende omstandighede moes bevind gewees het. Petersen, so lui die betoog verder, kon nie in die stort-area sien nie en sy getuienis dat dit beskuldigde 1 was wat die snywerk gedoen het met die halwe blikdeksel, kan nie aanvaar word nie. Daar is ook namens hom daarop gewys dat, hoewel hy aan die kringsitting deelgeneem het, die Hof bevind het dat dit op sigself nie mededaderskap aantoon nie. Sy getuienis, so is aangevoer, is tereg deur die Hof verwerp. In vele opsigte het hy sy aandeel buite verhou-

ding/.....

ding vergroot; dit dui op valse bravade.

Hierdie betoog gaan nie op nie. Alhoewel hy sy eie aandeel, wat sy motief ookal was, vergroot het, dui die ander getuienis waarna die Hof verwys het tog daarop dat vandat die brief in die sel aan beskuldigde 2 afgelewer is, hy en beskuldigde 2 ŉ leidende rol gespeel het in die verrigtinge wat eindelik uitgeloop het op die oorledene se dood. Weliswaar kon Petersen nie in die stort-area sien nie, maar hy het beskuldigde 1 se stem geken en sy getuienis van die woorde wat beskuldigde 1 geuiter het aangaande die reuk van die bloed van die oorledene klink waar en eg. Ek is nie oortuig dat die Hof a quo

enigsins/.....

enigsins gefouteer het met sy skuldigbevinding as mededader en die bevinding dat daar geen versagtende omstandighede bestaan nie, en sy appèl word van die hand gewys.

In beskuldigde 2 se betooghoofde is 'n aanval gedoen op die getuienis van Roy Petersen as 'n enkel-getuie en word die uitspraak gekritiseer op die grondslag dat die versigtigheidsreël nie behoorlik toegepas is nie. In die alternatief is daar aan die hand gedoen dat dit nie bewys is dat beskuldigde 2 se handelinge die dood veroorsaak het of tot die veroorsaking daarvan bygedra het nie. Wat die waarde van Petersen se getuienis betref het die Hof a quo, na my oordeel, 'n versigtige waarde-oordeel gevel en wat betref beskuldigde 2 se aandeel het advokaat

Marlow, wat nie die betooghoofde opgestel het nie, maar in hierdie Hof namens beskuldigde 2 verskyn het tereg en behoorlik toegegee dat beskuldigde 2 een van die hoofbeplanners was van die wyse waarop die oorledene gedood moes word en assulks 'n mededader was. Beskuldigde 2 se appèl teen sy skuldigbevinding word van die hand gewys.

Namens beskuldigde 4 en 6 is daar ook 'n aanval gedoen op die getuienis van Roy Petersen wat, so is aangevoer, 'n onbevredigende enkelgetuie was, veral ten aansien van wie wag gestaan het. Sy getuienis wat die rolle van beskuldigdes 4 en 6 betref was alles behalwe bevredigend, is aangevoer. Maar selfs as sy getuienis aanvaar-

denswaardig/.....

denswaardig is, is aan die hand gedoen, moes die Hof bevind het dat die getuienis van beskuldigde 4 en 6 redelik moontlik waar kan wees, inaggenome veral die stawing wat verleen word aan beskuldigde 6 se getuienis deur die getuienis van beskuldigde 5. Ek het alles wat ten behoewe van die twee beskuldigdes aangevoer is noukeurig oorweeg, maar is nie oortuig dat die Hof enigsins gefouteer het nie. Die Hof het Petersen se getuienis versigtig benader en was heeltemal bewus van die tekortkominge daarvan. In die lig van die getuienis dat hulle uitgestaan het en in die lig van die bevinding dat hulle deur die Hof a quo, en om goeie rede, soos hierbo blyk, as leuenagtige getuies bevind is, kan die appèlle

van beskuldigdes 4 en 6 teen hulle skuldigbevindinge nie slaag nie.

Wat die vonnisse van beskuldigdes 2, 4 en 6 betref, is die enigste wesenlike grond wat aangevoer is dat daar versagtende omstandighede bevind moes gewees het, die sogenaamde sub-kultuur in die gevangenis, die bende-bedrywighede waaraan elke gevangene in meerdere of mindere mate verplig word om deel te hê en die ontmensliking van ŉ gevangene wat deur ŉ lang termyn van gevangenisskap veroorsaak word. Soortgelyke betoë is herhaalde male in hierdie Hof gelewer, sonder enige sukses. Daar is geen nuwe grond aangevoer in dié verband vir die gunstige oor-

weging van so 'n betoog nie.

Die appèlle van al die appellante word van die hand gewys.

APPèLREGTER

JACOBS, AR )
) - stem saam
NESTADT, WAR )